
1JH 1:12-13 - WAT OP AARDE IS 'N CHRISTEN? [2] Die geboorte uit God

E246

Voordat ons kyk na wat 'n Christen is, moet ons net eers kortliks besin oor die rede waarom geen mens ooit van nature 'n Christen is nie. Dis te wyte aan die sondeval. En almal van ons is afstammeling van Adam en Eva. As sodanig het ons almal deel aan die erfsonde en is ons van nature onder die toorn van God.

J.I. Packer is reg: "The subject of sin is vital knowledge. To say that our first need in life is to learn about sin ... is profoundly true. If you have not learned about sin, you cannot understand yourself, or your fellow-men, or the world you live in, or the Christian faith. And you will not be able to make head or tail of the Bible. For the Bible is an exposition of God's answer to the problem of human sin" (God's Words, p.71).

En waarlik, as daar een ding is wat ek in myself en ander keer op keer raaksien, is dit die universele realiteit van sonde - 'n grawitasiekrag in ons almal.

Die Heidelbergse Kategismus en die Nederlandse Geloofsbelydenis

• *HK Vraag 7:* Waar kom hierdie verdorwe natuur van mens dan vandaan?

Antwoord: Van die val en ongehoorsaamheid van ons eerste ouers, Adam en Eva, in die paradys. Daar het ons natuur so verdorwe geraak dat ons almal *in sonde ontvang en gebore* word. [Gn 3; Rm 5:12, 18, 19; Ps 51:7; Gn 5:3]

• *HK Vraag 8:* Is ons so verdorwe dat ons glad nie in staat is om iets goeds te doen nie en tot alle

E246 : Jh 1:12-13 : Wat op aarde is 'n Christen [2] 1/6

kwaad geneig is?

Antwoord: Ja, behalwe as ons deur die Gees van God *weergebore* word. [Gn 8:21;6:5; Job 14:4; 15:14, 16, 35; Jh 3:6; Jes 53:6, Jh 3:3, 5; 1 Kor 12:3; 2 Kor 3:5].

• *NGB 15:* Ons glo dat die erfsonde deur die ongehoorsaamheid van Adam oor die hele menslike geslag uitgebrei het. Dit is 'n *verdorwenheid van die hele natuur en 'n oorgeërfde gebrek waarmee selfs die klein kindertjies in die moederskoot besmet is*. Dit is hierdie wortel wat in die mens allerhande sonde laat uitspruit. Dit is daarom so afskuwelik en gruwelik voor God dat dit *rede genoeg is om die menslike geslag te verdoem* [Ps. 51:7; Rm. 3:10; Jh. 3:6; Gn. 6:3; Ef. 2:5; Job. 14:4; Rm. 5:14; 7:18,19.]

Die 1689 Baptistebelydenis en die Belydenis van Sola 5 van 2005

• *1689 Ch.6.2-5:* Our first parents, by this sin, fell from their original righteousness and communion with God, and we in them. For from this, death came upon all: all becoming dead in sin and wholly defiled in all the faculties and parts of soul and body.

They being the root, and by God's appointment, standing in the room and stead of all mankind, the guilt of this sin was imputed, and their corrupted nature conveyed, to all their posterity descending from them by ordinary generation. Their descendants are therefore conceived in sin, and are by nature the children of wrath, the servants of sin, and the subjects of death and all other miseries, spiritual, temporal, and eternal, unless the Lord Jesus sets them free.

All actual transgressions proceed from this original corruption, by which we are utterly indisposed, disabled, and made opposite to all good, and wholly inclined to all evil.

During this life the corruption of nature remains in those who are regenerated, and although it is pardoned and mortified through Christ, yet this

E246 : Jh 1:12-13 : Wat op aarde is 'n Christen [2] 2/6

corrupt nature and all its motions are truly and properly sinful.

• *Sola5, Ch.3.4:* Since Adam was appointed to stand in the place of all mankind, each of his descendants inherits the guilt of his sin, to which is added guilt for sins personally committed. Furthermore, all people inherit a corrupt nature from their original ancestors, Adam and Eve. Thus, all people are by nature subject to God's wrath, to death, and to temporal and eternal misery unless the Lord Jesus sets them free. The corrupt nature inclines them away from all good and is the cause of all sin actually committed. Apart from the regenerating work of the Spirit, man is dead in sin and therefore unable to turn himself towards God, or to exercise saving faith in Jesus Christ. [Mt 11:27; 16:17; Rm 8:7; 1 John 5:1].

Waar alle egte Christenskap begin

Wedergeboorte, die diep-ingrypende herskeppingswerk waarna hierbo verwys is (HK v&a 8; Sola 5, 3:4), is sonder uitsondering die begin van bewustelike, ervaarbare en waarneembare Christenskap. Aan hierdie oorsprong van Christenskap moet vervolgens behoorlik aandag gegee word, anders sal ons skeefloop in ons denke.

Die Goddelike inisiatief

Johannesh 1:12-13 is rigtinggewend. Ten spyte daarvan dat meeste mense Jesus Christus verwerp, is daar tog diegene wat Hom "*aanneem*" (v.12) en sodoende kinders van God word. Hulle neem Hom aan, omdat hulle "*in Sy Naam glo*". En hulle glo in Hom, omdat hulle 'n wonderlike geboorte ondergaan het. Dis nie 'n natuurlike geboorte nie, nie 'n geboorte uit die mens nie, maar 'n "*geboorte uit God*". Hiermee sê Johannes dat, ten einde gered te word, dit noodsaaklik is om Jesus Christus aan te neem (met alles wat dit inhoud). Dit is uiteraard iets wat die mense doen - ervaarbaar en

E246 : Jh 1:12-13 : Wat op aarde is 'n Christen [2] 3/6

waarneembaar¹. Hy gaan egter verder en sê dat so 'n persoon daartoe in staat gestel word deur 'n bonatuurlike geboorte - en dit is iets wat God doen.

Dis duidelik: die oorsprong van die eerste handeling van 'n mens wat van hom 'n Christen maak, spruit voort uit 'n werk van God self - en dit noem die apostel 'n "geboorte uit God" - die wedergeboorte.

'n Naggesprek

Die Here Jesus se naggesprek met Nikodemus in Jh 3 gee verdere insigte in die wedergeboorte.

- Eerstens beklemtoon Hy die *noodsaak* daarvan ten einde die koninkryk van God in te gaan. Vers 7 moet nie as 'n bevel verstaan word nie, asof die mens sy eie wedergeboorte kan bewerkstellig. Jesus praat van die noodsaak: dit is *nodig* om wedergebore te word ten einde gered te word. Dit onderstreep 'n waarheid wat regdeur die Skrif as vanselfsprekend aanvaar word: *alle Christene is wedergebore en alle wedergeborenes is Christene*.

Die uitdrukking wat so dikwels gehoor word, nl. dat iemand 'n "wedergebore Christen" is, is meer as net onsinnig; dit is misleidend - asof daar iets soos 'n nie-wedergebore Christen is.

- Tweedens gee die Here Jesus antwoord op die vraag waarom die wedergeboorte so noodsaaklik is. Dit is noodsaaklik omdat die mens self *magteloos* is om die koninkryk in te gaan - hy "kan nie" (v.3,5). Waarom kan hy nie? Jesus gee twee antwoorde.

Enersyds kan hy nie die koninkryk "sien" nie (v.3). Hoe kan iemand ingaan deur "die Deur" (Jh 10:7,9) as hy Hom nie sien nie? Elders leer die Skrif

1 Die Bybel stel die soewereiniteit van God en die mens se verantwoordelikheid nooit teenoor mekaar nie. Waarheids-teologie, dus Godgesentreerde teologie, sal, soos die Bybel, aandring op God se inisiatiefneming in die redding van mense - maar terselfdertyd tussen die twee dwalinge van 'n van-die-mens-afhanklike-God (arminianisme) en fatalisme (hipercalvinisme) deurstuur.

voorts dat die natuurlike mens nie net blind is nie, hy leef ook in duisternis (Ef 5:8,11; Kol 1:13).

Andersyds is die natuurlike mens "vlees" (v.6). Dit beteken dat hy nog *in Adam* is, dat hy nog deel van die gevalle en sondegeneigde mensheid is. Vir diesulkes is daar geen plek in 'n heilige God se koninkryk van geregtigheid nie.

Net 'n nuwe geboorte kan iemand bevry van 'n Adamserfenis wat soos 'n reuse rotsblok om sy nek vasgeketting is en hom die dieptes insleep!

- Derdens openbaar Jesus iets van die *aard* van die wedergeboorte. Dis 'n geboorte "uit water en Gees" (v.5). Dis 'n geboorte wat die Heilige Gees bewerkstellig. Maar waarop sinspeel die water? Daar is meer opinies, maar dit word algemeen aanvaar (n.a.v. Skrifgedeeltes soos Tit 3:5, Ef 5:26 en Eseg 36:24-27) dat dit hier oor *reiniging* gaan. Só sou Nikodemus dit na alle waarskynlikheid verstaan het. As Joodse skrifgeleerde sou Eseg 36 baie na aan sy hart gelê het.

Laasgenoemde hoofstuk is een van die duidelikste Ou Testamentiese hoofstukke oor die aard en rykdomme van die Nuwe Verbond. Die twee elemente van Jh 3:5 kom ook hier sterk na vore. In v.25 belowe God dat Hy Sy volk met water van hulle sonde sal reinig en in v.27 belowe Hy die groot gawe van die eindtyd, die Heilige Gees.

Tussen hierdie twee beloftes is 'n vers wat van die allergrootste belang is. Vers 26 belowe 'n "nuwe hart" - een van vleis wat die ou hart van klip vervang. Die Bybelse begrip "hart" dui op die sentrum van 'n mens se persoonlikheid. Dit is dus die *beheerkamer*, by wyse van spreke, wat sy hele lewe bepaal (Spr 4:23). 'n Feit wat vasstaan, is dat *elke mens onder die dwang van sy eie hart leef. Wat in sy hart aangaan, dit is hy*.

'n Goeie illustrasie hiervan is te vinde in die gedragspatrone van trekvoëls. Waarom vlieg hulle noordwaarts in die herfs en kom elke lente weer terug? Die antwoord lê in hulle aangebore natuur. En aan hierdie genetiese trekinstink móét hulle gehoorsaam wees; hulle kán dit nie weerstaan nie. Só is elke mens onontkombaar aan sy eie hart

gehoorsaam.

- 'n Hartsverandering sal dus onvermydelik 'n *gedragsverandering* meebring. So sal die Here "maak" dat ons volgens Sy voorskrifte leef (v.27). In Jeremia 31 word 'n ander beeld gebruik om dieselfde belofte te dra: *Hy sal Sy wette op mense se harte skryf* (v.33).

Eseg 36 se ou hart is van klip. Dit is dood vir die Here en Sy dinge. Dit is koud en hard, dus belangeloos en gevoelloos teenoor God, Sy eer, Sy wil en Sy Koninkryk. Die nuwe hart, daarenteen, is van vleis. Dit is lewend vir die Here en Sy dinge. Dit is warm en sag, dus ywerig en vormbaar m.b.t. God, Sy eer en Sy koninkryk.

- Hierdie hartsverandering bring dus 'n nuwe geaardheid, 'n nuwe geneigdheid, 'n nuwe ingesteldheid. Dit bring nuwe prioriteite, nuwe ambisies, nuwe verlangens, nuwe hartstogte. Daarom bring dit 'n totaal nuwe lewe - 'n lewe gedring deur die begeerte om God te ken, om soos Hy te word en om baie vrug tot Sy eer te dra.

Eseg 36 belowe die wedergeboorte!

Wedergeboorte in 'n persoon se lewe is God se soewereine en diep-ingrypende lewendmakende werk deur Sy Heilige Gees, waardeur so 'n persoon verander word vanuit 'n toestand van geestelike dood (en 'n gevolglik God-vermydende hartsgesteldheid) tot 'n toestand van geestelike lewe (en 'n gevolglik God-soekende hartsgesteldheid).

Nico van der Walt

* Nico v/d Walt onderskryf die historiese, internasionale en reformatoriese 1689 Baptistebelydenis, asook die Belydenis van Sola 5, 'n assosiasie van Godgesentreerde evangeliese gelowiges in Suider-Afrika.
* Subskripsies, adresveranderings, kansellaries en korrespondensie: Postnet Suite No.148, Privaatsak X1, Northcliff, 2115.
E: nico.vanderwalt@reformed.org.za; Tel. 011 476 2907; 082 848 9396.
* Blogs: www.e-preke.blogspot.com (met skakels na nóg 4 blogs)
* Weekliks word 'n preek soos hierdie wêreldwyd en gratis per e-pos gestuur aan mense wat dit persoonlik aangevra het.
* Geen kopiereg. Dupliseer gerus. Of stuur elektronies verder.
* Preekopnames: E: info@nunide.org.za; T: 012-808 3906